# 1. BEDIENINGS

## 1.1 MANNE

Die bediening vir mans is 'n bediening bedoel vir alle mans wie lidmate is van die UCCSA en mans wie se vroue en kinders lidmate van die UCCSA is, hierdie mans sal dan 'n spesiale ruimte kry waarbinne hulle in Christus kan groei. Die Bediening vir Mans is nie 'n organisasie waar mans aansluit of affilieer nie, maar 'n platform waar mans as 'n eenheid byvoorbeeld gemeenskap hou om 'n braaivuur. Hierdie is nie 'n platform om mans senuweeagtig te maak deur hulle te vra om te bid of te preek nie, maar om hulle te leer. Hierdie ruimte is dus 'n platform vir alle mans in die UCCSA om plaaslik, of op streeks- en denominale vlak byeen te kom om hul verhale te deel, om samesyn te bevorder en oor kwessies, wat mans raak, te gesels.

Die bediening sal 'n ruimte beskikbaar stel waar mans hulself kan wees, onderrig en heling kan ontvang, getuienis kan deel, verhale van hoop kan aanhoor, transformeer en uitgedaag word om tot hul volle potensiaal in Christus te groei. Dit kan help om ons opvatting te beïnvloed en verder uit te brei deur op God se opdrag te reageer om soos 'n broeder, vader, vriend, luisteraar, profeet, priester en 'n lewensmaat in ons lewens te wees. Die Bediening van Mans is 'n bediening slegs vir mans en spreek tot die siel van mans deur verskillende bediening-idees soos: potjiekos, kompetisies, braaivleisaande, Bybelstudie, Saterdag ontbyt vir mans, restourasie van die kerkgebou, 'n sportspan van die kerk, die plaaslike kerk bystaan met hospitaalbesoeke,, uitreik aan die oues van dae, mediese probleme eie aan mans bespreek, 'n bediening vir mans wat uitreik aan mishandelde gesinne ensovoorts.

## 1.2 VROUE

Die doel van die Vroue Bediening is om 'n gemeenskaplike ruimte te skep waar vroue van alle ouderdomsgroepe byeen kan kom om te leer en inligting oor die lewe, liefde, geluk en stryd/probleme uit te ruil. Hierdie bediening is verantwoordelik vir die bediening van alle vroue binne die UCCSA ongeag of hulle getroud is of aan 'n organisasie behoort of nie. Dit gaan oor jong, middeljarige en volwasse vroue. Dit gaan nie oor die stigting van nog 'n organisasie met 'n uniform nie, maar om 'n platform te skep waar alle vroue, as vroue saam in broederskap kan verkeer. Hierdie bediening sal kwessies aanspreek wat spesifiek op vroue binne die denominansie van toepassing is.

Die bediening behoort geleenthede te skep waar vroue oor 'n koppie tee kan ontmoet, saam Bybelstudie kan doen, saam middagete kan geniet, weduwees saam kan eet, ongetroude vroue saam kan vergader ensovoorts. Verder behoort die bediening ook 'n eenmalige geleentheid te reël sodat alle vroue op plaaslike, streeks, sinodale en ook denominale vlak byeen kan kom. Hierdie bediening moet nie noodwendig toelaat dat vroue affiliasie-gelde of subskripsie-gelde moet betaal soos by organisasies die geval is nie. maar behoort vir vroue ruimte te skep om hul diversiteit, kultuur, tradisies vreugdes en pyn, as vroue in die huis van die Here, te kan meedeel.

**1.3 JEUG**

Daar is verskillende groeperinge binne ons kerk wat in die behoeftes van die jeug voorsien. Die idee agter hierdie bediening is om in die behoeftes van alle jong mense te voorsien en nie slegs hulle wat aan die Jeug Broederskap of Jeugklubs behoort nie. 'n Mens kan nie aansluit om 'n jeugdige te wees nie, maar om jonk te wees maak jou outomaties deel van die jeug en behoort jy in die kerk met ander jongmense te meng om meer van die kerk en van saam opgroei te wete te kom, en om ervarings van vreugde, pyn, besigheidsbelange en loopbane met mekaar te deel.
Ons het ook Sondagskool Onderwysers, drama- en musiekgroepe.

Hierdie eenheid sal dan verantwoordelik wees om vir plaaslike kerke, die Streke/ Sinodes en die denominansie van programme te voorsien wat ons jeug tot voordeel sal strek. Hierdie bediening behoort kerke by te staan om jeugvriendelike aanbiddingsboodskappe tydens elke erediens aan te bied, asook sending-georiënteerde materiaal vir die jeug.

**1.4 KINDERS**

Hierdie bediening voorsien in die behoeftes van kinders en in die behoeftes van ander instansies binne die UCCSA wat kinders verteenwoordig, soos die bv. Sondagskool, Juniorkoor, Seuns en Dogters Brigade en Blue Ribbon Kinders.

Dan kry ons kinders wat saam met hul ouers die kerk bywoon, maar wat nie aan enige groep behoort wat kinders se belange bevorder nie; met die gevolg dat die kerk nou die verantwoordelikheid het om hierdie kinders omtrent God in te lig. Hierdie Kinderbediening sal aan kerke hulpbronne voorsien om hul bediening aan kinders voort te kan sit. Hierdie bediening is verantwoordelik om kinders te lei na 'n liefdevolle en dienende verhouding met Christus. Hierdie bediening het ook die verantwoordelikheid om alle kinders omtrent die UCCSA, as denominansie, ons identiteit, embleem en die kerk in sy geheel, te vertel. Die SA Sinode het die Ivangeli-materiaal aanvaar wat in plaaslike kerke vir kinders gebruik kan word.

**1.5 WELSTAND**

Hierdie bediening se doelwit is om lidmate van die UCCSA betrokke te kry, op te voed en te bemagtig om gesonde gemeentes te word deur volkomenheid van liggaam, siel en denke te bevorder. Hierdie sal dus 'n platform wees om inligting oor gesondheid kwessies te verskaf, om gesondheidsbewustheid te bevorder, om gesondheid opvoeding te verskaf insluitend MIV/Vigs, Tering, Kanker, Diabetes en alle ander siektes, asook hoe om 'n gesonde leefwyse te handhaaf. Ons kerke behoort ook aangemoedig te word om gebruik te maak van omgewing- en gesondheidskalenders om te weet waar en wanneer sprekers wat eksperts in gesondheids- en omgewingsake is, gaan optree sodat hulle as 'n kerk dit kan bywoon. Hierdie bediening kan ook kerke aanmoedig om een kerk een tuin projekte aan te pak en die aanlê van tuine met inheemse plante en blomme wat gebruik kan word om die kerk te versier. Onder hierdie bediening resorteer VIGS, tering, oues van dae, mense met gestremdhede, siektes, gesondheid, sport en ontspanning, hardloop en stap vir lewe en ook omgewing kwessies.

### *1.5.1 Mense met gestremdhede*

Hierdie bediening sal onder die Welstandsbediening resorteer en sal leiding aan die kerk verskaf oor mense met gestremdhede en hoe hulle deelagtig van ons aanbidding kan wees. Liggaamsgebreke kan fisies, kognatief, verstandelik versteurdheid, sensories, emosioneel, ontwikkelingsversteurdheid of 'n kombinansie van sekeres insluit. Die bediening sal die kerk help om akkommodasie vir sulke mense te vind. Kerke moet ook hul opritte, toilette en geboustruktuur na gaan om te kyk of dit gestremdheidsvriendelik is. Die bediening kan ook kerke aanmoedig om Bybels in braille aan te skaf of oudiovisuele middels te gebruik om gestremdes te akkommodeer.

### *1.5.2 Bediening vir oues van dae*

Hierdie bediening sal bedienings geleenthede voorsien om die lewe van die oues van dae te verryk. Die bediening sal die kerk bystaan om fassiliteite te voorsien wat seniorvriendelik is en met welstandsprobleme. Ook sal die bediening opvolg hoe die kerk die oues van dae vereer vir jare van dienslewering en bediening. Belangriker is die versorging en omgee vir weduwees en die oues van dae wat vir God behaaglik is (Levitikus 19:32, Timoteus 5:3, Jakobus 1:27).

## 2. <u>EENHEDE</u>

Eenhede is daar om die kerk by te staan met kwessies oor geregtigheid, lering en die skep van orde binne die gemeente.

### 2.1 AANBIDDING EN LITURGIE

Dit is deur aanbidding dat ons teologie en ons identiteit uitgedruk word. Dit deur God tydens aanbidding te ontmoet dat ons gevorm (en ook getransformeer) word as synde sy mense. Liturgie verwys na die tipes, voorbeelde, woorde en optredes waardeur openbare aanbidding plaasvind.
Hierdie eenheid help kerke met die verkryging van aanbiddingsmateriaal, diensordes/liturgieë, Bybelstudie, gebede, gedigte, gesange en die assessering van die effektiwiteit van eredienste. Hierdie eenheid sal tydens spesiale dae vir gesondheids- en omgewingsake gebruik om liturgieë so te formuleer dat dit verband hou met hierdie spesiale dae en ook dae wat vir die UCCSA belangrik is. Hierdie eenheid sal ook lekepredikers bystaan met hul preekstyle, interpretasie van die Skrif en hoe om oor verskillende kwessies te preek. Hierdie eenheid sal predikante bystaan met opleiding sodat die regte boodskap van Christus oorgedra en die goeie nuus verkondig word. Ook sal die bediening predikers bystaan om opleiding onder die Leierskap Akademie van die UCCSA te verkry en ook Bybelleesboeke inspan om die standaard van preke in ons kerke te verhoog.

### *2.1.1 Lekepredikers*

Plaaslike kerke het lekepredikers wat die Leraar tydens sy/haar sendingwerk bystaan. Hulle was ingeseën om Christus se sendingwerk op 'n georganiseerde wyse uit te voer. Lekepredikers van die woord bestaan uit diegene wat deur die Heilige Gees geinspireer is, en hulle het dus die verantwoordelikheid om mense na God te bring en God na die mense. Omdat die meeste van ons kerke oor 'n wye gebied strek en ook buitestasies het, was lekepredikers ingestel om die Leraar met werksaamhede in die buitestasies by te staan soos die hou van begrafnisse, onthullings, herdenkingsfeeste, die verkondiging van die woord en die waarneming van Bybelstudie. Hul hoofdoel is 'n begrip en korrekte interpretasie van die Heilige Skrif en om geregtigheid, vrede en versoening onder God se mense te verkondig.

## 2.2 SENDING OPLEIDING

Hierdie eenheid se verantwoordelikheid is om as ondersteuningsbasis vir alle ander eenhede te dien. Hul hoofdoel is om opleiding en menslike hulpbronne te verskaf om mense vir verskillende rolle, funksies en bedienings binne die kerk toe te rus. Hierdie eenheid sorg dat daar opleiding en ontwikkeling vir leiers van die UCCSA is soos; Sameroepers van eenhede en bedienings, lekepredikers, Sondagskool Onderwysers, diakens, kerkleierskap en kategete ensovoorts. Nuwe lidmate wat by die kerk-wil aansluit; leer van die kerk binne in die katkisasieklas waar hulle meer van die congregational kerk, sy visie en missie te wete kom en ook hoe hulle tot die visie en missie van die kerk gaan bydra.

## 2.3 MUSIEK ONTWIKKELING EENHEID

Hierdie eenheid is verantwoordelik vir die opleiding en ontwikkeling van kore, koorleiers en algemene kerkmusiek (gospel, instrumentaal, gedigte, tromme, lofprysing en aanbidding). Hierdie eenheid moet dus gesange, kore en liturgieë hersien en ontwikkel wat verbandhoudend is en wat die UCCSA se etos van geregtigheid reflekteer. Hierdie eenheid moet ook gesange ontwikkel wat die diversiteit van tale binne die UCCSA in ag neem sodat almal in staat sal wees om enige gesang in enige taal te kan sing, en dit 'n manier sal wees om die verskillende kulture en tradisies binne die UCCSA saam te snoer.

Onder hierdie eenheid resorteer koorleiers, spanleiers van die lofprysing en aanbidding, gospelgroepe, kore van die Sondagskool, pianiste, tromme, geestelike dansers en ander musikante binne die kerk.

## 2.4 GEREGTIGHEID EN MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Hierdie eenheid vervang die Departement van Kerk en Samelewing. Sy taak is om die kerk rigting te gee in sake betreffende ons maatskaplike verantwoordelikheid, in kwessies aangaande kerk en samelewing, die kapelaanskap, kerk/staat verhouding, en om die kerk te help om verantwoordelik en profeties op te tree betreffende daaglikse kwessies wat ons binne hierdie wêreld ervaar waar God ons geplaas het

Om plaaslike gemeentes te bemagtig vir sending met spesiale fokus op die implementering van ander sendingmodele, en die bevordering van eenheid deur maatskaplike vennootskappe. Hierdie eenheid behoort gemeentes aan te moedig om gemeenskappe van transformasie te wees, waar God se heerskappy gevestig is en lewens nuut gemaak word en geregtigheid geskied vir hulle wat die volheid van lewe ontneem was,

### *2.4.1 Stretegiese prioriteite van Maatskaplike Geregtigheid.*

Om plaaslike kerke in staat te stel om 'n eenheidsgevoel te ontwikkel oor verskillende worstelinge, beide plaaslik en nasionaal. Om kerke en ander maatskaplike geregtigheidsinstansies in staat te stel om gewilde probleem areas vir omgewing- en sosio-ekonomiese geregtigheid te ondersteun. Die area van bediening waarop ons kerk se aktiviste sal fokus, sal rondom omgewing- en sosio-ekonomiese geregtigheid wees. Hierdie is gemik om die profetiese tradisies van die congregational kerke op die voorgrond te plaas, en van die voorkeur aandag vir armes waarop die UCCSA se bediening geskoei is. Die SA Sinode sal maniere ondersoek om hierdie ideale in die praktyk te implementeer, deur platforms te skep wat kerke van die SA
Sinode in staat sal stel om die bevryding en profetiese teologie op 'n manier te ervaar wat ons met die stryd van die armes in kontak sal bring. Ons sal dit doen deur 'n bediening van betrokkenheid - deur plaaslike gemeenskappe in hul stryd te ondersteun. Teologiese insigte wat hieruit voortvloei sal gedokumenteer word en gebruik word tot voordeel van ander in ons Sinode en ons vennote wat belangstel in 'n teologie vir geregtigheid. Ook sal hierdie bediening, in samewerking met kerke, georganiseerde veldtogte van stapel stuur wat solidariteit met die armes betoon, wat dan die logiese uitvloeisel sal wees van intense en opregte betrokkenheid met die armes.

### *2.4.2 Geregtigheidsprogram vir Omgewing*

*Eko- Gemeentes*: Om 'n eko-gemeente te word, is 'n reaksie op ons geloofstoewyding. Dit moedig gemeentes aan om kennis omtrent die omgewing op te doen, deur vierings en aanbidding uitdrukking aan ons geloof te gee, om ons plekke van aanbidding in herwinningsentra te omskep, om water te spaar en om 'n kerktuin aan te lê en die opbrengs vir eie gebruik te neem of om dit aan die gemeenskap te verkoop. Eko-gemeentes kan die voortou neem om 'n meer volhoubare toekoms te verseker, deur by gemeenskapsprojekte betrokke te raak en om voorspraak te maak vir beter omgewingstandaarde en praktyke. Kerke kan aansluit en lede word van 'n organisasie genaamd Southern Africa Faith Communities Environment Institute (SAFCEI) en sodoende hulpbronne verkry om eenvoudig te leef sodat ander eenvoudig net kan leef

## 2.5 KOMMUNIKASIE

Hierdie eenheid het die verantwoordelikheid om kommunjkasie-strategieë getuienis te ontwikkel en te bestuur, Om 'n maandelikse Nuusbrief te publiseer, om die webtuiste, internet en sosiale media profiel te bestuur, om gesprekke oor ondersteuning en geregtigheidskwessies fasiliteer; om plaaslike kerke en gemeenskappe by te staan om hul ervaringe deel.

## BROEDERBAND

Hulle is aan die sendingraad verantwoordelik en rapporteer op plaaslike, streeks en sinodale vlakke ook aan die sendingraad. Die Broederband is deur God geroep om 'n spesifieke taak in die wêreld te behartig daarom is Christus die hoof van die Broederband. Hul hoofdoel is om dissipels van alle nasies te maak, om sendelinge in die veld te wees, om die evangelie te verkondig en om maatskaplike kwessies binne gemeenskappe aan te spreek.

Die Broederband speel 'n belangrike rol in die uitvoering van die evangeliese sendingtaak van die kerk. Die Broederband se funksie is in lyn met die kerk, Streek en sinodale programme. Dit het ook die verantwoordelikheid om hand aan hand met ander organisasies, binne sowel buite die kerk, te werk. Dit dien ook as leerskool vir voornemende leke-predikers en diakens.

Die werksaamhede van die Broederband, geestelik of andersinds, is:

- Om uit te reik na behoeftiges en om persoonlike hulp en bystand te verleen.
- . Help met die opbou van die kerk (Om die diakens van hulp te wees)
- . Om met die nodige identiteit huis en hospitaalbesoeke te doen en 'n diens te lewer.

## VROUE KOMITEE

Hulle is aan die sendingraad verantwoordelik. Hierdie is 'n vroue organisasie in die lewe van die kerk wat vroue in broederskap saamsnoer, wat sendingwerk in hospitale, tronke en weeshuise doen, en wat aandag aan kwessies eiesoortig aan vroue skenk. Hulle is aktief besig in kerke, streke en hou sinodale konferensies en konferensies op denominasie-vlak.

***Hul hoofdoelwitte is***:

Om die Here te dien deur vir die kerk en gemeenskap te werk deur:

- Na behoeftiges uit te reik
- Die plaaslike kerk met organisering by te staan
- Die Siek en kranklikes te besoek
- Die verkondiging van die evangelie aan ander e

***Om vroue in alle sfere te bemagtig en toe te rus:***

- Om vroue op te lei om ingeligte besluite te neem
- Om Opleidings- en Ontwikkelingswerkswinkels te organiseer waar kwessies rakende vroue bespreek word
- Om gawes en vaardighede van vroue te identifiseer en te ontwikkel
- Om hulle wat leierskapseienskappe openbaar aan te moedig.

***Om saamtrekke en konferensies te organiseer***

- Sodat vroue binne die Sinode en die Denominasie in harmonie en broederskap kan verkeer
- Om toe te sien dat die vroue geestelike groei en verryk word
- Om begrip en liefde onder alle mense te bevorder
- Om vroue die geleentheid te gee om vir mekaar geestelike te bedien